

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 19 Jul 2017
Page: 7

AVE: 35640.51
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Skole



# 'Ek wil die basiese reg doen'

Dylan Patterson

Foto: ZANDER ERASMUS

**Wilhelm de Swardt**

As daar een ding is wat Dylan Patterson goed kan doen, is dit om te keer dat 'n sokkerbal die agterkant van die doelhok tref.

'n Mens kan amper sê die Tuks-doelwagter is die Fort Knox van studentesokker, want niemand kom by sý verdediging verby nie!

Gedurende die onlangse Suid-Afrikaanse studentetoernooi het Tuks 15 doele in sewe wedstryde aangeteken en net een afgestaan. Patterson kan eintlik nie blameer word nie, want dit was 'n eie doel.

Dié doel is trouens die enigste wat Tuks die afgelope twee jaar in die toernooi afgestaan het. Geen wonder Patterson is as die doelwagter van die toernooi aangewys nie.

Hy het dié toekenning verlede jaar óók ontvang.

Patterson se vaardighede as die "beskermheer van die doelhok" het nie ongesiens verbygegaan nie.

Hy is gekies vir die Suid-Afrikaanse studentespan wat aanstaande maand aan die Wêreld-studentespele in Taipei, Taiwan, gaan deelneem. Hy is een van agt Tuks-spelers in die span.

Hy is gou om te erken dat Tuks se welslae om doele te keer nie net aan hom te danke is nie.

"Ons hele wedstrydplan is daarop geskoei om ons foute tot 'n minimum te beperk en as doelwagter het ek 'n besliste rol om te speel.

"Ek moet bieg. Dit is opwindend wanneer ek daarin kan slaag om die doel wat die gang van die wedstryd kon verander, weg te keer."

Volgens hom is 'n buitengewoon hoë konsentrasievermoë 'n voorvereiste vir enige goeie doelwagter. Vir die duur van die wedstryd kan daar nie 'n oomblik ontspan word nie.

"As doelwagter is jy as 't ware die generaal wat moet seker maak jou manskappe is in plek om die ander span se aanvalsbewegings te kelder. Dit is moontlik omdat die doelwagter die hele tyd alles kan sien wat op die veld gebeur.

"Ek kan nogal gedurende 'n wedstryd luidrugtig op die veld raak terwyl ek raad aan my spanmaats skree."

> Ek moet bieg. Dit is opwindend wanneer ek daarin kan slaag om die doel wat die gang van die wedstryd kon verander, weg te keer.

Patterson sê die sokkerster David Beckham was die een wat 'n liefde vir sokker by hom gekweek het, maar hy beskou Edwin van der Sar, 'n voormalige doelwagter van Manchester United, as sy rolmodel.

"Wat ek van Van der Sar gehou het, is dat hy 'n tradisionele doelwagter was.

"Hy het nie regtig flair gehad nie. Wat hom goed gemaak het, is die feit dat hy altyd die basiese dinge reg gedoen het. Dit is iets waarna ek streef."

Daar kan seker gesê word dat Patterson deel van Tuks se sokkermeublement is, want hy het as sesjarige sy debuut vir een van die universiteit se junior spanne gemaak.

Aan die einde van die jaar, wanneer hy sy LLB-graad voltooi het, wil hy na Engeland gaan om proewe by 'n paar beroepsklubs te speel.

**Die ander Tukkies in die Suid-Afrikaanse studentespan is:**
Lindsay Stowman, Robin Swartz, Lawrence Ntswane, Jeremiah Nkwana, Ludumo Nkebe, Phuthego Mabitsela en Khumbulani Siluma.




This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.